

Hoe bepaal jy wie sit waar?

Carmen Jacobs

Die uitnodigings is uitgestuur, die gastelys is gefinaliseer. Al wat nou nog gedoen moet word, is om te bepaal wie waar by die onthaal gaan sit – ’n taak wat dalk op die oog af maklik en ongekompliseerd lyk, maar wat nogal ’n tamentejie kan raak.

Gelukkig is daar ’n paar riglyne wat jy kan volg om dié taak moeiteloos te help maak en te verseker jou gaste geniet jou troue.

Nicci Morris van Nicolette Weddings-beplanners in Kaapstad stel voor jy besluit eers hoeveel tafels jy gaan hê en presies hoeveel gaste by elke tafel sal kan sit.

Buiten die bruidspaar wat by die hoof tafel moet sit, is daar nie ’n vasgestelde reël as dit kom by die sitplekplan van jou troue nie.

Hiervandaan kan jy besluit waar familieleden en ander gaste moet sit. “Erken familie deur hulle nader aan die hoof tafel te posisioneer,” raai Nicci aan. Die ander gaste se sitplekke moet dan vanaf die posisie van die bruidstafel georganiseer word. “Wees bewus van die onuitgesproke hiërargie wat jy skep wanneer jy gaste verder en verder van die hoof tafel af plaas,” herinner Nicci.

Posisioneer bejaarde of ouer gaste verder weg van die musiek en jonger gaste nader aan die dansvloer, luidsprekers en kroeg, is Nicci se raad.

Dis ook wys om ’n spesiale kindertafel te hê indien kinders wel toegelaat word.

“Skep ’n kindertafel, verkieslik naby die deur, sodat hulle na buite geneem kan word as hulle dalk ontwrigting tydens die toesprake



Die opstel van die sitplekplan is ’n taak wat met ’n bietjie wysheid en insig aangepak moet word om sodoende ’n onsmaklike atmosfeer by die troue te verhoed.

Foto:PIXABAY

veroorzaak,” stel Nicci voor.

Dan is dit ook raadsaam om gaste wat mekaar ken of belangstellings deel, by dieselfde tafel te laat sit of by tafels wat langs mekaar staan of in dieselfde hoek.

Izandi Serdyn van IDO4U in Kaapstad voeg by dat bruidspare hulle instink moet vertrou met die tafelbeplanning en ook nie meer as agt persone by ’n tafel moet laat sit nie.

Die webwerf www.brides.com stel voor dat bruidspare persone in rolstoele in gedagte moet hou, of ouer mense wat dalk nie so ver wil loop nie, en hulle naby ingange en ander geriewe moet plaas.

Nog ’n wenk is ook om so ver as moontlik te probeer om getroude paartjies by ander getroude paartjies te plaas. Vermoedlik om enkelopende mense by ’n tafel te laat sit waar hulle ongemaklik sal voel. Die deurlopende riglyn is om so ver as moontlik ongemak onder gaste te verhoed.

■ *Bykomende bron: www.brides.com.*